

soos die name van persone wat betrokke was by die oorlog, die samestelling van regemente en magskolonne. Daar kom ook oorspronklik dokumente voor wat handel oor die konsentrasiekampe, sekere veldslae en inligting wat deur Emily Hobhouse aan die Britse regering verskaf is, veral ten opsigte van die toestande waaronder vroue en kindes in die konsentrasiekampe geleef het. Oorspronklike dokumente met betrekking tot die vredesonderhandelinge in 1901 kom ook in die bylae voor.

Hierdie werk bied dus nie net aan die leser 'n bron waar basiese inligting rakende die oorlog bekend kan word nie, maar inspireer ook die leser om nog meer te wete te kom van die oorlog. Indien daar egter diepgaande navorsing gedoen moet word, dan is dit nodig om 'n velerlei ander bronne te raadpleeg wat as meer gesaghebbend as hierdie werk beskou en gewaardeer kan word, aangesien daar heelwat geskiedkundige werke bestaan wat baie intensiever navorsing oor die Anglo Boereoorlog gedoen het.

Dit sou goed gewees het indien hierdie boek 'n jaar of wat vroeër in die Suid-Afrikaanse mark beskikbaar was. Hierdie ensiklopedie beskik oor waardevolle geskiedkundige materiaal oor die Anglo Boereoorlog en sal in die komende aantal jare as 'n waardevolle naslaanwerk gebruik kan word.

Pieter L. Möller
Potchefstroomse Universiteit vir CHO

Waardevolle Afrikaans genealogiese inligting

JAN C. VISAGIE, *Voortrekkerstamouers 1835-1845*

Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria

2000.

ISBN 1 868888 060 5

pp. vii-xxiii, 362

Illustrasies, Los kaarte, Indeks en Bibliografie

Prys: R119.00

Daar is reeds in die negentiende eeu begin om die geskiedenis van vroeë Afrikaanssprekende families in Suid-Afrika aan te teken. In hierdie verband het 'n navorsing soos Chistoffel Coetzee de Villiers met sy Geslagsregisters van die ou Kaapse families (Hersien en aangevul deur C. Pama, 1966) baanbrekerswerk verrig. Sedertdien is waardevolle bykomende werk deur George McCall Theal, H.T. Colenbranders, D.F. Du Toit Malherbe, H.D. Bosman en J.A. Heese

gedoen. Die mees onlangse toevoeging tot die ontsluiting van die Afrikaanse genealogie is J.C. Visagie se *Voortrekkerstamouers 1835-1845*.

Hierdie Stellenbosse historikus, wat onlangs deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns bekroon is, het daarin geslaag om een van die sentrale gebeure in die Afrikaanse geskiedenis – die Groot Trek – as fontein vir sinvolle genealogiese diepte-ondersoek te identifiseer. Die destydse ‘landsverlating’ het daartoe aanleiding gegee dat na raming 2 308 gesinne die Kaapkolonie verlaat het. Indertyd sou hierdie getalle sommer heelwat toeneem. Dit is derhalwe geen wonder nie dat die trek – naas die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) – as ‘n keerpunt in die demografiese geskiedenis van Suid-Afrika gesien word.

In die binneland het Boererepublieke tot stand gekom waaraan Afrikaners ‘n bepaalde kulturele inhoud gegee het. Tot op die hede het hierdie ontwikkelinge regstreeks invloed op die geskiedenis van Suid-Afrika uitgeoefen. Visagie se aftreksel van 10 jaar se genealogiese gegewens in die negentiende eeu het ‘n bepaalde historiese gewig. Sy motivering vir die gebruik van die tydsafbakening is dat dit ‘n betreklike betroubare aanduiding is van die voorste mense wat aan die trekbeweging sou deelneem. In dié verband verskil hy van C.F.J. Muller en F.A. van Jaarsveld wat verkies het om op die tydperk 1838-52 (moontlik met ‘n baie sterker klem op politieke motivering) te konsentreer. Vanweë sy andersoortige aksent op die vereistes vir die bepaling van opeenvolgende genealogiese geslagte, is Visagie se indeling aanvaarbaar.

In baie opsigte is die werk eintlik ‘n mikrogeskiedenis van individue. Die genealogiese navorser wat oor ‘n Afrikaanse familie in die binneland inligting gaan soek, sal sonder twyfel nie teleurgesteld die boek toeslaan nie – mits die voorsaat in die geledere van die trekkers was. Belangriker nog is die feit dat die gegewens met die grootste sorg saamgestel is uit materiaal wat uit primêre en sekondêre bronne onttrek is.

Die inskrywings in die werk is keurig gedoen. Waar moontlik is illustrasies van individue geplaas. Tegniese afkortings vir geboortes, sterftes, doop- en huweliksdatums wat in die teks gebruik word, is in ooreenstemming met die riglyne wat deur die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika aanvaar is. Daar word ook gehou by die alfabetiese klassifikasie van opeenvolgende geslagte soos destyds deur C.C. De Villiers gebruik is.

Die werk is voorsien van ‘n omvattende register van plek- en persoonsname. Saam daarmee word ‘n omvattende lys van geraadpleegde bronne weergegee. Daar is ‘n groep van ses los kaarte waarin die distrikte van Swellendam, George, Somerset, Graaff-Reinet, Uitenhage en Albany en hul wyke omstreeks 1836 aangestip word. Vir die genealoog wat bestem is om veldwerk te gaan doen, sal hierdie kaarte ‘n waardevolle hulpmiddel wees.

Aan die begin van die werk is heelwat kwantitatiewe gegewens omtrent die grootte van gesinne, die getalle wat aan die trekke onder die leiding van bepaalde leiers deelgeneem het, die distrikte – en in die besonder die *Historia* 46(2), November 2001, pp. 543-62.

verskillende nedersettings vanwaar hulle gekom het. Vir die genealoog is hierdie gegewens belangrik om 'n breër begrip van plekke van herkoms te kry. Daar is kort en bondige administratiewe ontwikkelingsgeskiedenisse van die distrikte Albany, Beaufort (-Wes), Clanwilliam, Colesberg, Cradock, George, Graaff-Reinet, Somerset (-Oos), Swellendam, Uitenhage en Worcester. Vir die navorser is hierdie van waarde. Sodoende kan verseker word dat daar nie vrugteloos in die verkeerde staats- en kerkargiewe na gegewens gesoek gaan word nie.

Voortrekkerstamouers sal in die toekoms nog baie deur opeenvolgende genealogiese navorsers met goeie gevolg gebruik kan word. Dit is 'n waardevolle toevoeging tot die spore van Afrikaanse families in die laat agtiende en negentiende eeu.

Johann W.N. Tempelhoff

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Viewing the historical Gandhi in the Johannesburg context

ERIC ITZKIN, *Gandhi's Johannesburg: birthplace of Satyagraha*

Witwatersrand University Press in association with MuseuMAfrica,
Johannesburg

2000.

ISBN 1 86814 361 9

Paperback, pp.91

Monochrome and colour photographs and plates, Index, References and
Bibliography

Price not available.

At the outset I must declare my personal interest: I believe that Gandhi was one of the greatest historical figures – one of the very few personages whose shining example as an activist places him in (in my opinion) the company of Buddha, Jesus and Mohammed – although both his aims and results were of a humbler, more earthly nature. Therefore I was thrilled to receive Eric Itzkin's little book. It opened the way for me to follow the South African path of Gandhi before he became the Mahatma. Itzkin skilfully interweaves historical fact, anecdote and physical location to create a vivid picture of the young Gandhi and his disciples. The result is a popular and readable book, based on reasonably extensive research that will be of special interest to Ghandi enthusiasts and everyone